

Gereformeerde Kerk Trinitas
Oggenddiens
2018-03-25

Kolossense 2:6-23
Fokusvers: Vers 6&7

Ons verbondenheid in Christus eis dankbare geloof en waaksaamheid teen dwaling

Inleiding:

- As 'n gebou opgerig word sien mens nie die fondament raak nie.
 - Jy kan die gebou sien.
 - Jy sien die mure en die versierings en die dak en alles wat bo-op die fondament opgerig is, maar jy sien nie die fondament nie.
 - Maar sodra die gebou begin insak, of krake in di emure begin ontwikkel dan word daar duidelik gesien dat daar fout lê by die fondament.
- Dieselfde geld vir 'n boom.
 - Jy sien nie altyd die wortels nie, maar sodra die blare begin verlep of daar is nie vrugte nie, kan jy duidelik sien dat die wortels fout het of dat daar nie meer 'n koppeling is met die res van die boom nie.
- Hierdie beelde word vir ons verder verduidelik in Kolossense 2.
 - Ons is gebou op Christus, en gewortel in Hom.
 - Die gevolg is dat ons so moet leef.
 - Die wortels en die fondament word nie altyd raakgesien nie, daarom moet ons dade getuig van ons verbondenheid in Christus.
- Ons verbondenheid in Christus eis dankbare geloof en waaksaamheid teen dwaling.

Ons is verbonde in Christus:

- Die gemeente in Kolosse is 'n baie jong gemeente.
 - Paulus het self nie die gemeente geplant nie, maar vir Epafras toegerus en bygestaan om die gemeente te kan vestig.
 - Die gemeente is gevestig tydens Paulus se derde sendingreis.

- Die brief aan die gemeente word egter 'n paar jaar later geskryf terwyl Paulus onder huisarres in Rome is.
 - In alle waarskynlikheid kry Paulus 'n skrywe van Epafras af wat waarsku oor die uitdagings in die gemeente in Kolosse.
 - Die gemeente word bedreig deur dwaalleer.
 - Hierdie jong gemeente word aangeval van alle kante af met verskillende idees wat mense rondom die gemeente en selfs in die gemeente, na vore wil bring.
 - Hierdie idees is egter glad nie inlyn met die evangelie van Jesus Christus nie.
 - Enige iets wat nie inlyn is met Christus nie, kan nie waar wees nie.
 - Johannes 14:6 maak dit baie duidelik – *“Ek is die weg en die waarheid en die lewe, niemand kom na die Vader behalwe deur my nie.”*
 - Die gemeente is bewus hiervan.
 - Christus is die enigste manier vir redding.
 - Dit is nie vir hulle vreemd nie.
- Die wêreld is ongelukkig altyd besig om ons anders te probeer oortuig.
 - Sommige van hierdie valshede is duidelik sigbaar.
 - Ander is egter baie nader aan die waarheid.
 - Tog maak dit nie saak hoe naby iets aan die waarheid is nie, as dit nie die waarheid is nie, is dit in stryd met die evangelie.
- Daarom begin Paulus in die gedeelte om die gemeente te herinner dat hulle Christus Jesus as Here aangeneem het en daarom verbonde aan Hom moet lewe.
 - Deur die benaming te gebruik om Christus eerste te stel, bevestig Paulus dat die gemeente deel het aan die salwing van Christus.
 - In die bewoording *“as Here aangeneem het”* maak Paulus dit baie duidelik dat die gemeente Christus en daarmee saam Sy salwing onverdienslik ontvang het.
 - Aangeneem beteken in die konteks van hierdie gedeelte om te ontvang as geskenk nadat aan jou gegee is.
 - Dit is dus 'n antwoord nadat daar gegee is.
- Op grond hiervan is die opdrag dan wat uit hierdie bevestiging voortvloei.
 - Hulle moet gebou op Christus en gewortel in Christus wees.

- Dit lyk dalk oorbodig om beide voorbeelde te gebruik, maar daar is motivering daarin.
 - Om op Christus gebou te wees, beteken daar is sekerheid in dit wat ons glo.
 - Om in Christus gewortel te wees beteken dat ons erken dat ons afhanklik is van Christus deurdat Hy vir ons 'n bron van lewe is.
 - Soos wat die wortels van 'n boom die wyse is waarop 'n die boom water en voeding opneem, so is Christus ons bron van lewe.
- So beklemtoon Paulus dit aan die gemeente dat daar niks of niemand anders is buite Christus is nie.
 - Hy is die sekerheid.
 - Hy is die antwoord.
 - Hy is die bron van lewe.
- Daarom moet ons in Christus lewe.

Lewe in Christus:

- Dit is egter nie 'n vreemde opdrag nie.
 - Lewe in Christus.
 - Maar hoe?
 - Wat beteken dit om daaglik in Christus te lewe?
- Die antwoord hierop is tweeledig.
 - *Vas in die geloof soos julle geleer is*
 - *En met dankbaarheid gevul.*
- Tog is hierdie opdragte steeds vaag.
 - Dit klink na 'n generiese antwoord op baie van ons vrae sonder om werklik praktiese riglyne te gee vir die lewe van 'n gelowige gebou op Christus.
- Eenvoudig gestel:
 - Ons kan begin deur die wet na te volg
 - *Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart, jou hele siel, jou hele verstand en met al jou kragte en jou naaste soos jouself – Matt. 22:37-40*
 - Tog voel baie mense steeds dat dit nogsteeds 'n antwoord is wat baie vaag is en eintlik niks werklik sê nie.

- Kom ons breek dit selfs meer af en maak dit selfs nog eenvoudiger en duideliker.
 - Hoe meet jou dit wat jy elke dag doen?
 - Meet jy dit aan wat die wêreld as norm ag?
 - Of soek jy die wil van die Here in jou optrede?
 - Verheerlik jy die Here in alles wat jy op sosiale media plaas of deel?
 - Vertrou jy dat die Here vir jou en jou gesin sal voorsien of plaas jy jou vertroue in lottokaartjies of ander kitsoplossings vir jou geluk?
 - Of gaan jy na die anderkant toe?
 - Wettiese gehoorsaamheid?
 - As ek alles pynlik gehoorsaam en byna soos 'n robot optree sal ek die Here se naam heilig.
- Kom ons som dit op –
 - Is Christus die vertrekpunt vir alles wat jy doen?
- In verse 6 & 7 van Kolossense 2 maak Paulus dit duidelik dat Christus die bron is – Hy is die vertrekpunt.
 - Hy is die fondament.
- Verse 8-10 skakel baie duidelik by hierdie gedagte in deur die anderkant van die opdrag ook te bevestig.

Waak teen die valse leer:

- Waak teen die valse leer!
 - Pas op!
 - Paulus waarsku.
- Daar gaan valshede na vore kom net soos wat daar ook vandag valshede na vore kom.
 - Die maklikste antwoord is om dit wat jy vermoed valsheid is, te gaan meet teen die Skrif.
 - Wat sê die waarheid?
 - Is dit waarmee ek gekonfronteer word in lyn met wat die Bybel sê of is dit anders – is dit vals?
- Die valsheid of dwaling wat die gemeente in Kolosse bedreig het word nie uitdruklik genoem nie maar soos wat mens verder delf in die gedeelte kom dit duidelik na vore.
 - Vers 8 maak dit duidelik:

- *“Pas op dat niemand julle van Hom af wegvoer deur teorieë en argumente wat misleidend is nie.”*
 - Die rede hoekom Paulus dit sê is omdat dit van mense af kom.
- Omdat die gemeente verskeie kultuur groepe het, is daar ook verskeie geloofsoortuigings.
 - Aan die eenkant is die Jode.
 - Die wet is alles.
 - As ek mensgemaakte wette nakom, sal dit goed wees in die oë van die Here.
 - Aan die anderkant is groepe wat glo jy moet mistieke kennis hê wat bonatuurlik na jou toe kom.
 - God se woord is nie genoeg nie.
 - Jy moet ander insigte ook kry.
 - Paulus beskryf beide hierdie groepe as tradisie.
 - Tradisie opsigself is nie verkeerd nie.
 - Wanneer tradisie egter in stryd kom met die woord van God, kan dit nie meer opbouend wees nie.
- Paulus waarsku dat ons nie weggevoer moet word nie.
 - Die letterlike vertaling sê dat ons nie soos buit weggevoer moet word nie.
 - Met ander woorde hierdie mense wat die valshede versprei is strykrowers wat ons wil steel weg van die waarheid af.
 - Hulle kom om ons geestelik te roof en te plunder.
- Hoe leef ek dan in geloof en dankbaarheid in Christus:
 - Wanneer ek vermoed ek word met valsheid gekonfronteer, kom terug na die fondament.
 - Toets hierdie “waarheid” teen dit wat ons weet eg is.
 - So kan ons seker wees dat ons gegrond in Christus bly.
- In vanaand se aandbyeenkoms gaan ons saam ook gesels en mekaar toerus hoe om te stry teen hierdie valshede en dit te toets teen die Skrif.
 - Ons kan nie net blindelings stry nie, maar met die sekerheid in Christus waar ons weet ons het deel aan sy volheid kan ons dan met sekerheid die waarheid soek.

Slot:

- Die samelewing hou baie skynwaarhede vir ons voor.

- Die “evangelie” van die wêreld lyk baie anders as die evangelie gegrond in Jesus Christus.
 - Die Bybel waarsku ons daarteen in 2 Timoteus 4:3 – *“ Hulle sal hulle eie begeertes volg en vir hulle leermeesters bymekaarmaak wat net sal sê wat hulle graag wil hoor.”*
- Daarom moet ons gewortel in en gebou op Christus daaglik die waarheid opsoek en so ook leef in alles wat ons doen en bely.
 - Want die valshede van hierdie wêreld kan nooit die mag van Christus troef nie.
 - *“Hy het elke mag en gesag ontwapen en hulle in die openbaar vertoon deur hulle as gevangenes in die triomftog van Christus mee te voer.”*